Publication: Die Burger (Suid Kaap)
Date: 24 Feb 2017
Page: 3

Wayde en afrigter 'bewys wat ons kan bereik'

Shantel Moses

"Min dinge verenig Suid-Afrikaners en bevorder welwillendheid soos die sukses wat ons saam in internasionale sport bereik."

Met dié woorde het oudpres. FW de Klerk die FW de Klerk-stigting se welwillendheidseerbewys Woensdagaand in Kaapstad aan Wayde van Niekerk, Olimpiese held en wêreldrekordhouer, en Ans Botha, sy afrigter, oorhandig.

" 'n Mens hoef net te dink aan die inspirerende vertonings deur Andile Phehlukwayo en AB de Villers in die laaste beurte van die internasionale eendagkrieketwedstryd verlede Sondag teen Nieu-Seeland. Van Niekerk en Botha is weer eens 'n bewys van wat Suid-Afrikaners kan vermag as ons in welwillendheid saamwerk," het De Klerk gesê.

"Dink net wat ons kan bereik as ons as 'n nasie ons kleinlikhede opsy skuif en saamwerk om die uitdagings in die land soos armoede, ongelykheid en werkloosheid aan te pak," sê hy.

Van Niekerk en Botha is vereer vir sy rekordvertoning in die 400 m op die Olimpiese Spele in Rio de Janeiro in 2016.

Van Niekerk het die eerbewys as 'n eer bestempel. " 'n Paar jaar gelede het ons net ons span en my familie op die baan verteenwoordig. Later het ons 'n hele nasie verteenwoordig."

Gevra oor watter eerbewys of medalje vir hom uitstaan sedert die Olimpiese Spele in Rio sê hy: "Jy weeg dit nie op nie. Vir my beteken elke liewe een baie. Al

Wayde van Niekerk, Olimpiese kampioen, Ans Botha, sy afrigter, en oudpres. FW de Klerk.
Foto: FW DE KLERK-STIGTING

is dit ook net 'n kind wat vir my 'n sjokolade koop, dit bly spesiaal."

Botha het die stigting vir die eerbewys bedank.

"Om iemand af te rig is 'n pad waardeur julle in wind en weer stap. Jy leef jou ideale deur hulle uit."

Botha sê daar lê nog baie werk voor.

"Ons werk tans baie hard. Wayde moet sy titel op die Wêreldkampioenskappe gaan verdedig. Ons kan nie gaan stilstaan by Rio nie, al het hy sy droom bewaarheid. Ons moet altyd strewe na beter."

Mense aan wie die FW de Klerk-welwillendheidseerbewys in die verlede toegeken is, is die sokkerbaas dr. Danny Jordaan (2011), satirikus en uitvoerende kunstenaar Pieter-Dirk Uys (2012), die Studietrust (2013), mynmagnaat Patrice Motsepe (2014), Afrika Tikkun (2015) en adv. Thuli Madonsela, voormalige openbare beskermer en haar personeel (2016).

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission